

Die nut van nederigheid

Ons Here Jesus het die skrifgeleerdes en Fariseërs in die oog as Hy die uitspraak van Matteus 23:12 maak. Hierdie volksleiers was doelbewuste eersoekers, met boonop 'n hoogmoedige houding teenoor die gewone bevolking. Van hulle geld dit dat hulle hul verhoog het en daarom verneder sal word. Volhardende selfverhoging, of hoogmoedigheid, laat die deur toegaan vir verlossing deur Jesus Christus. Mense wat hulle hieraan skuldig maak, daal af in die dieptes van Godverlatenheid, want God duld nie menslike selfvoldaanheid nie (1 Pet 5:5). Sanherib, koning van Assirië, is 'n voorbeeld (2 Kron 32:14, 21), asook koning Herodes (Hand 12:21-23).

Aan die ander kant is nederigheid welbehaaglik voor die HERE – God se Gees het so 'n mens se hart omgekeer, sodat hy/sy sê (Luk 18:13, 14): “O God, wees my, sondaar, genadig!” God “woon” by so 'n mens (Jes 57:15). In God se “geselskap” word jy verhoog, want God se Gees werk daar vanuit die Woord.

Jesus Christus is vir ons die volmaakte voorbeeld van nederigheid – Hy sê dit self (Matt 11:29). Hy het bowendien gekom om te dien en nie om gedien te word nie (Matt 20:28). Sy selfvernedering het Hom sy kruisdood gekos, sodat jy uit genade verhoog kon word tot kind van God, om in nederigheid diens te lewer aan God en jou medelidmaat.

In die gemeente van Jesus Christus is onderlinge nederigheid een van die mees tipiese kenmerke van opregte gelowiges. Nederigheid is nuttig in die gemeente, want elkeen word geroep tot diens aan die ander. Word dit wel gevind in die GKSA – juis in die koninkrykstyding waarin ons lewe? Dat ons so hewig en dikwels afbrekend van mekaar verskil, laat die vraag opduik of nederigheid nie plek gemaak het vir selfhandhawing, wat hand aan hand loop met selfverheffing nie?

Kyk, nederigheid is nuttig!

Sing: Psalm 37:4-6

Ds. RL Vorster (Emeritus)